

Setaria verticillata

E: Bur bristle grass

A: Klitsgras

D: Klettgras

H: Oviomata

Grasse is nie soseer "my ding" nie, ek hou meer van blommetjies; die uitken van grasse is nogal frustrerend, want soos die seisoene wissel, wissel gras ook sy uiterlike voorkoms; dis moeilik om te herken, wanneer die blomhofie afgevrete is, wanneer dit droog is, wanneer dit stomp afgevrete is. en as jy dit alles baasgeraak het en jy beginne lees daarvoor, kom jy agter, dit kom op versteurde gronde voor! IS DIT NOU MOTIVEREND?

Toe God die grasse gemaak het, moes daar iets verkeerd gebeur het wat Hom gefrustreer het, toe Hy met Setaria verticillata besig was, want die frustrasie voel ons vandag nog.....
dink net aan manlief se sokkies en die stekelrigheid na die was in die rekkies van die onderklere...



as kinders beginne klitsbolle na mekaar gooi.....

jou eie klere, as jy lekker in die tuin werk; hy kry dit ALTYD reg, om jou te "vang"!

Kyk, wat maak dit met insekte: die word gevang es vasgehou tot hulle dood is; klitsgras vreet nie insekte nie, en dit beskerm ook nie iets teen insekte nie... is dit nou nie boosaardig nie?! Dit klits in skaapwol en maak dit sodoende waardeloos vir bemarking.



MAAR vir vee is dit smaaklike en voedsame kos, die blare is sag, en dit is redelik volop beskikbaar, tensy die kamp heeltemal ontbos is. Ook as dit heeltemal droog is (dit is slegs eenjarig), is dit nog voedsaam. Dit hou van skaduwee, koelte en klammigheid. Dit bied lêplek aan ander sade, sodat hulle kan ontkiem.



HOEKOM KLITS DIT?

Die haartjies (Grannen) wat vanaf elke saadjie wegstaan, is vol weerhakies en klou daarmee aan dierevel (manskokkies ens). vas om sodoende versprei te word.

Die Topnaars versamel en maal die saad om 'n pap daarvan te kook.

In Oosafrika word die blomdeel (klits-) gebruik om graanmandjies daarmee uit te lê om so die rotte weg te hou. 'n Goeie plan!

Met klitsgras kan ook kleinerige bakkies/mandjies gemaak word om lekkergoed daarin te sit en weg te steek met Paasfees. Ook vir Paasdekorasie kan hasies, kuikens, ens. daarvan gevorm word. 'n Lekker "speelding" vir kinders, (ma's hou nie so baie daarvan nie)!

Dit wys net weer: in ALLES kan 'n geroeste EN 'n blink kant gesien word!

Hoe om 'n "kitsherbarium" aan te lê, bv. om die grasse te versamel wat op die plaas groei:

U het slegs 'n goeie drukker nodig (ideaal as dit kleurfotos kan neem).

Maak self 'n lys van inligtingspunte soos: grasnaam (volksbenaming, latynse naam, as u wil ander volkstale se name, datum gevind, plek (bv. Pauluspos kamp B), grondtipe (sand/leem/kalk, ens.), voorkoms: enkele bossies, verspreid, massas, kolle, ens) en opmerkings. (Vooraf kan so 'n vorm opgestel en vermenigvuldig word).

Plaas nou grasgedeelte (blom en stingel en blaar, as moontlik stuk wortel) mooi skoonmaak en uitgeskud op die glasblad van die kopieermasjien, deksel toe, kopeer. As die gras te lank is, vou in die middel. Siedaar, 'n natuurgetroue foto van die gras! Sit in eenkant en langsaan die lys met die inligting.



Onthou om die glasblad af te vee, daar sit partykeer klewerigheid op die gras.

Inligtingsbronne: Guide to Grasses of Southern Africa (Frits van Oudtshoorn)

Graeser Suedwestafrika/Namibia (M.A.N. Mueller)

Teks en fotos: Anka Eichhoff